

13 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 7:1-36 (1933-vertaling)

Fokusgedeelte: Johannes 7:2

God sorg altyd

Die huttefees, ook genoem die fees van insameling, is gevier deur die Jode gedurende die sewende maand van die Joodse kalender. Vir sewe dae moes die Israëliete herdenk hoe God na sy volk omgesien het gedurende hulle woestynswerftog (Lev 23:39-43). Die eerste en agtste dag was 'n gewyde byeenkoms. Daar moes met vreugde feesgevier word met offers van die eerste oes. En daar is letterlik deur die nag feesgevier.

Die Israëliete moes loofhutte bou met palmtakke en moes daarin bly vir sewe dae lank, ter herinnering van sy troue sorg, want God het 'n plan met sy volk gehad. Hy herinner hulle: "Ek is by julle altyd." Van die uittog van Egipte waar hulle in tente moes bly, tot in 'n land van melk en heuning. Die voorgeslag van Jesus Christus kom uit die sorg van God se hand. Hy gee immers om en het bemoeienis met sy kinders, te alle tye.

Die vervulling van die huttefees lê in Christus (Openb 7:9-17). Hoe kosbaar is ons vir Hom, dat Hy sy enigste Seun nie gespaar het nie. Hoe groot moet ons vreugde nie ook vandag wees nie, juis omdat die opgestane Christus ons tot 'n daaglikse fees roep. 'n Fees van verlossing en ewige rus. Hy is die finale offer vir ons. Ons is oorwinnaars in Christus en juis daarom kan ons feesvier van blydschap. God sorg nog altyd vir sy kinders en Hy openbaar dit deur sy troue sorg deur al die eeue.

Sing Psalm 114:1-4

Teologiese Student Thys Lourens

